**Laerskool Horison**

WEES DOELGERIG

Weaver Straat, Horison, 1724
Tel: (011) 763 5617/8
Posbus 5002, Horison, 1730
hoof@horison.co.za
www.horison.co.za

***17 Januarie 2024***

# INLIGTINGSBRIEF 2024

**Geagte Ouers**

Ontvang hiermee ons inligtingsbrief vir 2024. U ontvang elke Dinsdag 'n volledige nuusbrief wat alle aktiwiteite van die week aandui. Ons vra dat u asseblief sal registreer vir toegang op D6 waar die brief weekliks geplaas sal word, asook op ons graad WhatsApp-groepe.




## WELKOM

'n Woord van hartlike welkom aan elke ouer en kind by Laerskool Horison. Ons wil egter spesiaal welkom sê aan al die nuwe ouers. Dit is ons wens dat Laerskool Horison voortdurend aan u, asook aan ons gevestigde ouers se hoogste verwagtinge sal voldoen en dat u ook met genoegdoening sal deel in ons skool se aktiwiteite.

## PERSONALIA



Ons wil 'n spesiale woord van welkom rig aan me. Doret van Zyl (Graad 2), Ruan Sutherland en Xanthé Erasmus (Studente onderwysers) wat by ons personeel aangesluit het. Ons hoop dat julle baie gelukkig by ons sal wees en dat julle, julself by Laerskool Horison ten volle sal kan uitleef. Ons plaas ons vertroue in julle en glo dat julle ons nie sal teleurstel nie.

## SKOOLTYE

| | | |
|---|---|---|
| Preprimêr: | Maandae - Vrydae | 8:00 - 13:00 |
| Gr. 1,2 en SPO: | Ma., Di., Do. en Vr.: | 7:30 - 13:00 |
| | Woensdae: | 7:30 - 13:40 |
| Gr. 3: | Ma., Di. en Do.: | 7:30 - 13:30 |
| | Woensdae: | 7:30 - 14:00 |
| | Vrydae: | 7:30 - 13:00 |
| Gr. 4-7 | Maandae - Donderdae: | 7:30 - 14:00 |
| | Vrydae: | 7:30 - 13:00 |



**PUBLIEKE EN SKOOLVAKANSIE DAE 2024**

| | |
|---|---|
| **01 Januarie** | **Nuwejaarsdag** |
| **21 Maart** | **Menseregtedag** |
| **22 Maart** | **Skoolvakansiedag** |
| **29 Maart** | **Goeie Vrydag** |
| **01 April** | **Familiedag** |
| **27 April** | **Vryheidsdag** |
| **01 Mei** | **Wekersdag** |
| **16 Junie** | **Jeugdag** |
| **17 Junie** | **Publieke Vakansiedag** |
| **09 Augustus** | **Nasionale Vrouedag** |
| **23 September** | **Skoolvakansiedag** |
| **24 September** | **Erfenisdag** |
| **16 Desember** | **Rekonsiliasiedag** |
| **25 Desember** | **Kersfees** |
| **26 Desember** | **Welwillendheidsdag** |



**VROEË-OGGEND WAGKLAS**

Ons het 'n wagklas in die oggende van Maandae tot Vrydae beskikbaar vanaf 06:00, wat begin op die 17de Januarie, vir leerders wat vroeg by die skool afgelaai word. Daar sal dan vir hierdie leerders toesig wees tot en met 07:00, waarna hulle dan na die klasse en velde toe beweeg. Dit is 'n diens wat die skool gratis aan u beskikbaar stel. Die diens word in die mediasentrum aangebied.

**AKADEMIESE INLIGTINGSAANDE**

Ons het dit goedgedink om u as ouer na die voogklas te nooi en daar vir u die nodige inligting te verskaf.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gr. 1: | Vrydag 19 Januarie 2024 | Tyd: 17:30 | In klasse |
| Speelgroep, Gr. RR en Gr. R: | Dinsdag 23 Januarie 2024 | Tyd: 18:30 | In klasse |
| Gr. 2, 3 en SPO: | Dinsdag 23 Januarie 2024 | Tyd: 18:30 | In klasse |
| Gr. 4-7: | Woensdag 24 Januarie 2024 | Tyd: 18:30 | In klasse |

**SOSIALE MEDIA**

U kind sal 'n brief in verband met sosiale media ontvang. Daarop kan u as ouer/voog 'n keuse uitoefen of u kind se foto op die skool se sosiale media mag verskyn. Vul asseblief die terugvoerstrokie in en besorg dit aan u kind se voogonderwyser terug. Indien u kind se brief nie terugkom nie, sal ons dan aanneem, dat u nie toestemming vir sosiale media plasing gee nie.

**GEDRAGSKODE**

Leerders ontvang elkeen 'n verkorte gedragskode wat gelees en onderteken moet word. Stuur asseblief die getekende gedragskode na die voogonderwyser terug. Ouers moet ook die selfoonbeleid teken en terugstuur.

**ZOELOE: TWEEDE ADDISIONELE TAAL**
Gr. 1-7 leerders het Zoeloe as tweede addisionele taal, as 'n verpligte vak.



**AFHAAL VAN LEERDERS GEDURENDE SKOOLTYD**
Ons vra vriendelik dat u die kantoor asseblief behulpsaam moet wees, indien u u kind gedurende skooltyd wil kom haal vir doktersafsprake, ens. Vra asseblief vir u kind om u op die spesifieke tyd wanneer u hom/haar kom haal, in die voorportaal te ontmoet. Dit sal die taak van die kantoorpersoneel geweldig vergemaklik, aangesien die interkom nie gedurende die periodes gebruik mag word nie. Ouers weet die meeste van die kere nie by watter onderwyser die kind op 'n gegewe tyd is nie en ons is dus dan genoodsaak om 'n algemene aankondiging, wat baie steurend is, te maak.

**HANTERING VAN BESOEKERS BY DIE SKOOL**




***<u>GEEN OUER MAG GEDURENDE SKOOLTYE OP DIE SKOOLTERREIN WEES NIE.</u>*** Indien u 'n onderwyser wil sien, maak asb. 'n afspraak in die kantoor. Onderwysers het ander verpligtinge direk na skool soos vergaderings, beplanning, sport-en kultuurafrigting ens. en is dus nie beskikbaar in sekere tydgleuwe nie.

Besoekers mag net die kantore besoek en moet in die besoekersboek inteken.

**OMSENDBRIEWE**
'n Beleefde versoek aan pa's en ma's, voogde/ oumas en oupas!
Lees asseblief ons briewe en nuusbriewe wat u deur die jaar gaan ontvang. Dit is 'n opregte poging van die skool se kant, om u ingelig te hou ten opsigte van dit wat in die skool gebeur. Die briewe is ook weekliks, op D6 en WhatsApp-groepe vir u gerief.

LW: Verskoon asseblief moontlike tikfoute en/of spelfoute wat soms in die briewe kan voorkom. Dit is beslis ons voorneme en bedoeling om ons briewe so foutloos as moontlik aan u te bied, maar die spoed en/of dringendheid van sommige briewe kortwiek soms ons kontrolesisteem. Ons voel egter dat u eerder 'n tikfout of enige ander geringe fout kan aanvaar wat in 'n brief mag voorkom, vir die groter voordeel om u boodskap in geskrewe vorm te ontvang, veral aangesien die geskrewe boodskap altyd beter is as 'n mondelinge boodskap. Ons ouers se begrip en positiewe gesindheid ten opsigte van moontlike foute, sal opreg waardeer word.

**HUISWERKBOEK (Gr. 3-7)**



Ons skool se huiswerkboek is spesiaal volgens ons behoeftes ontwerp en sal by die klasonderwysers teen R 35.00 per boek beskikbaar wees. Die Beheerliggaam subsidieer 'n gedeelte van die huiswerkboek.

Alle leerders van Gr. 3-7 gebruik die huiswerkboek. Graad 1-2 leerders maak gebruik van die kommunikasieboek vir korrespondensie tussen die ouers en onderwyser.

**DIENSTYE**

Ons personeel is vanaf 07:15 in die oggende tot 14:30 in die middae (Dinsdae-Donderdae) aan diens. Die administratiewe kantoor (telefoonnommer (011) 763-5617/8) is van 07:15 in die oggende tot 14:30 in die middae oop. U is ook welkom om ons rekenmeester, me. Amanda Wentzel by (011) 763-5617/8 te skakel. Sy is van 07:30 tot 14:30 aan diens. Indien u om een of ander rede nie in die middae kan deurkom na ons administratiewe kantoor toe nie, kan u haar gerus skakel vir navrae wat betrekking het op skoolfondsinbetalings, of ander inligting.
Vrydae is die personeel tot 13:00 by die skool.

**BEHEERLIGGAAM**

Die skool se beheerliggaam en personeel wil graag vir u die beste moontlike diens lewer. Kontak gerus enige van die volgende persone per e-pos, indien u 'n probleem ondervind. Die beheerliggaam bestaan uit die volgende persone en vorm 'n eenheid. Die skoolhoof is altyd die eerste en beste persoon om te e-pos (hoof@horison.co.za) oor enige probleem, veral aangesien hy die beste toegang het tot inligting van kinders, onderwysers en mede-ouers.

**A. BEHEERLIGGAAM *(e-pos - bl@horison.co.za)***

Mnr. Adrian van de Werken (Voorsitter)
Mnr. Louis Fourie (O/Voorsitter)
Me. Karien Pretorius (Tesourier)
Mnr. Johan Carstens
Me. Rosemary Buck



**B PERSONEELBESTUURSLEDE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. G.F. van der Walt | Hoof | 763-5617/8 |
| Mnr. E. Coetzee | Adjunkhoof | 763-5617/8 |
| Me. A. Biggs | Departementshoof van Intersenfase | 763-5617/8 |
| Me. L. van Dyk | Departementshoof van Grondslagfase | 763-5617/8 |
| Mnr. W. Van der Merwe | Departementshoof Opvoedkundige leiding | 763-5617/8 |
| Me. C. Meyer | Gr. R en Kleuterskool | 763-5617/8 |
| Me. A. Wentzel | Rekenmeester | 763-5617/8 |
| Me. C. Nell | Sekretaresse | 763-5617/8 |
| Me. N. Friedrich | Hoof se sekretaresse | 763-5617/8 |



**C. FINANSIËLE KOMITEE**

Mnr. G.F. van der Walt
Mnr. E. Coetzee
Mnr. W. van der Merwe
Me. A. Wentzel
Mnr. A. van de Werken
Mnr. L. Fourie
Me. K. Pretorius

**SENIORKOOR**




Oudisies vir die seniorkoor vir Gr. 4-7 leerders is reeds verlede jaar gehou. Indien daar nuwe leerders is wat belangstel om 'n oudisie te doen, sal individuele reëlings met die leerders getref word. Oefening sal op Woensdae van 15:30-17:00 plaasvind. Leerders kan me. Y. Meintjes in kennis stel indien hulle vir 'n oudisie wil kom.

**JUNIORKOOR**

Oudisies vir graad R en 1, asook nuwe graad 2-3 leerders wat nie oudisies afgelê het nie, vind vanaf Woensdag 17 Januarie tot Vrydag 19 Januarie in skooltyd plaas. Die juniorkoor se oefening sal op Woensdae 14:15-15:30 vir die volle koor (Gr. R-3) plaasvind.

- Leerders wat die oudisies slaag, sal 'n volledige inligtingsbrief vir koortye en datums ontvang.

**LEESSENTRUM**



Vir enige navrae in verband met die leessentrum; kontak vir me. S. Dippenaar by: sanet.dippenaar88@gmail.com.



**ONS VERKEERSREËLINGS**

Bestudeer asseblief hierdie inligting baie goed om frustrasie op baie vlakke te vermy – veral vir ons nuwe ouers.

Vir u gerief en die kinders se veiligheid het die VERKEERS-AFDELING besluit dat daar vanaf 06:45 - 07:45 in die oggende en 12:45 tot 14:15 in die middae die volgende reëlings geld:

i) Heronstraat sal 'n eenrigting na Wes wees en
ii) Weaverstraat 'n eenrigting na Oos.

Onthou die steeg is reeds 'n eenrigting van Noord (Heronstraat) na Suid (Weaverstraat). Ons vorm dus 'n sirkel om die skool wat beslis die verkeersvloei baie vergemaklik.
Wees egter altyd op u hoede, want glipse kan insluip, veral omdat ons afhanklik is van ons skoolsekuriteit wat namens die verkeersdepartement die verkeerstekens hanteer.

a) Niemand mag by die skool se motorhekke inry of inloop nie, asseblief. Dit skep onnodige gevaar vir kinders en ongerief vir personeel wat wil in- en uitry.
b) Moet asseblief nie voor 'n hek parkeer nie, al is dit net vir 'n oomblik. Daar moet toegang wees vir noodgevalle of onderwysers wat na vergaderings toe moet gaan.

**'N VRIENDELIKE WAARSKUWING**:
Wees versigtig waar u parkeer - veral tydens sportbyeenkomste. Die winkeliers van die winkelkompleks agter die skool kla dat ons ouers op klante se parkeerareas parkeer vir die hele duur van die sportbyeenkoms en dit skep probleme. Hulle het om verstaanbare redes met die verkeersafdeling gereël om die mense wat langer as 1 uur daar parkeer, te beboet. Oppas tog maar asseblief! Maak ook asb. seker u parkeer nie voor die ingang van 'n huis nie.

**PARAATHEID EN VEILIGHEID**
Ons lewe in veranderende tye en paraatheid moet die hoogste voorkeur geniet.
Ouers onthou ook asseblief:
Om nie binne die skoolterrein in te ry of te parkeer, as u nie daartoe gemagtig is nie. Hierdie voorreg word net aan die personeel en ouers en persone wat by die skool kom werk toegestaan, aangesien ons spasie baie beperk is.




- Geen leerder mag buite die skoolgronde wag vir hulle ouers nie.
- Leerders mag nie na winkels rondom die skool gaan sonder ouertoesig nie.
- As 'n leerder onveilig voel moet hy/sy dadelik na die kantoor toe gaan of met 'n onderwyser praat.

Leerders kan by die volgende hekke afgehaal word vir veiligheid:

| | |
|---|---|
| **Graad 1-3 en SPO** | By die klein hekkie by die tennisbane in Heronstraat. |
| **Graad 4-7** | By die hek in Weaverstraat. |
| **Me. Kirsten Schonken – Graad RRR** | By die klein kleuterskoolhek in Weaverstraat. |
| **Me. Kayla Schonken – Graad RR** | By die klein kleuterskoolhek in Weaverstraat |
| **Me. Sanet Dippenaar – Graad RR** | By die klein kleuterskoolhek in Weaverstraat |
| **Me. Cynthia Meyer – Graad R** | By die klein kleuterskoolhek in Weaverstraat |
| **Me. Joané Dreyer – Graad R** | By die hek in Weaverstraat naaste aan die Gr. R parkie. |
| **Me. Felicity Erasmus – Graad R** | By die hek in Weaverstraat naaste aan die Gr. R parkie. |

**BANKBESONDERHEDE**
Ouers moet hul asseblief deeglik vergewis van die korrekte bankrekening vir die betaling van skoolfonds (veral die ouers wat oorbeweeg van Gr. R na Gr. 1.)

Alle betalings van toepassing op skoolfonds (Gr. 1-7) kan in die volgende rekening geplaas word:
ABSA Horison
Takkode: 632005
Lopende rekening: 0330 400 374
Verwysing: Altyd u kind se naam en van.

Vir sportbetalings, toere en kurrikulêre fooie kan die volgende rekening gebruik word:
ABSA Horison
Takkode: 632005
Lopende rekening: 404 876 2145
Verwysing: Altyd die kind se naam en van en waarvoor die betaling is, bv. Netbal.

Die Kleuterskool: Dit sluit die Gr. RRR, Gr. RR en Gr. R in.
ABSA Horison
Takkode: 632005
Lopende rekening: 0330 714 603
Verwysing: Altyd die kind se naam en van.



**WERKSWYSES IN KINDERS SE SKRIFTE**
Ons vra vriendelik dat u as ouers u sal vergewis van die werkswyses en assesseringsplanne in elke Graad 4 – 7-vak wat voor in u kind se skrif geplak word en dat u dit asseblief so gou as moontlik sal bestudeer en dan teken. Graad 1 -3 assesseringsplanne sal voor in die Afrikaanse skrifte wees.

**HANDBOEKE EN LEESBOEKE**
Ons vra vriendelik dat u asseblief die handboekleenvorms sal teken en terugstuur skool toe. Neem kennis dat die handboeke al 'n paar jaar in gebruik is. Ons vra dat u asseblief die handboeke en leesboeke se buiteblaaie met karton sal versterk sodra die leerder dit ontvang het.

**STUDIESENTRUM (NASKOOL) VIR GRAAD R-7**



Ons vestig graag weer u aandag op hierdie diens wat die skool aanbied. Die studie/naskoolsentrum is vanaf die eerste skooldag vir die leerders van Gr. R-7 wat van hierdie diens gebruik wil maak oop. Aansoekvorms tot toelating by hierdie sentrum is by me Vermeulen beskikbaar. Enige navrae kan aan me Vermeulen by die naskoolsentrum (Sel: 079 517 8914) gerig word. Daar is slegs beperkte plekke by die naskoolsentrum en die diens wat gelewer word, het bepaalde beperkinge ten opsigte van die bystand.

**NASKOOLSORG GRAAD RRR EN GRAAD RR-KLEUTERS (Vakansietye)**

**<u>Opsie 1: Halfdag</u>** vanaf 08:00 - 13:00.
Die leerders bring nog steeds hulle kosblik vir happietyd (±10uur.)

**<u>Opsie 2: Voldag</u>** vanaf 08:00 - 17:30.
Die leerders bring nog steeds kossies vir happietyd (±10uur.)
Hulle ontvang dan iets te ete na 13:00, asook 'n laatmiddag versnappering.

***Hierdie diens sal oop wees tydens die normale skoolvakansies in die jaar, maar sal tydens die Desember/Januarie skoolvakansies gesluit wees.***

***Vir alle navrae kontak Juffrou Cynthia Meyer 082 413 9837.***

**LEERDERS OP SKOOLTERREIN NA SKOOLURE**



Alle leerders wat nie by die naskoolsentrum ingeskryf is nie, of wat nie by die buitemuurse bedrywighede betrokke is nie, moet onmiddellik deur ouers afgehaal word. Billike tye is nie altyd maklik om te omskryf nie, maar 'n algemene reël is waarskynlik 'n halfuur voor en nadat skoolaktiwiteite begin of eindig. Skole kan nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies of skade wat buite hierdie redelike tye gely word nie.
Gedurende skoolure is leerders se veiligheid wel die verantwoordelikheid van die skool. 'n Terreindiensrooster word byvoorbeeld deur opvoeders gevolg om sodoende die leerders se veiligheid tydens pousetye te verseker. Daar is kinders wat in die middae tot 18:00 nog wag, dat ouers hulle moet kom haal. In sommige gevalle ly die leerders se akademie ook daaronder. Ons wil asseblief 'n versoek rig dat u alternatiewe reëlings sal tref. Baie dankie vir u samewerking om in die beste belang van u kind en sy veiligheid op te tree.

**LEWERANSIERS / VERSKAFFERS**

**HORISON KLEREWINKEL (Op die skool se perseel)**

**Klerewinkeltye:**

| | |
|---|---|
| Maandae | 14:00 - 17:00 |
| Woensdae | 14:00 - 17:00 |
| Vrydae | 13:00 - 17:00 – Slegs op afsprake. |
| Eerste Saterdag van elke maand: 8:00 – 12:00 – Slegs op afsprake. | |

Kontant, Debiet- of Kredietkaart betalings is welkom.

Stuur asseblief 'n whatsapp na **076 337 8541** en me. Christina Nell sal u op Maandae en Woensdae tussen 14:00 – 17:00 antwoord en 'n afspraak reël.



**AMOD AND SONS**
Commissionerstraat 191
Burgershoop, KRUGERSDORP
**TEL: (011) 660-2917**

**ANTOINETTE'S UITRUSTERS DEUR SAFETEQ SCHOOL WEAR**
Hermine Lourens
Ontdekkersweg 44, Princess, ROODEPOORT, 1724
**SEL: 082 451 1487**



**VIVA SPORT**
Muhammed Seedat
H/v Olivierstraat 10 en The Highway, FLORIDA
**TEL: (011) 672-7562**

**FRIENDLY HOUSE**
Mohammad Abbas
Van Wykstraat, ROODEPOORT
**TEL: (011) 763-2566**

**BROODJIEPROJEK**



Daar is 'n behoefte aan ouers wat bereid sal wees om broodjies vir ons behoeftige leerders te skenk. Indien u u weg oopsien om te help, sal ons dit baie waardeer. Skakel asseblief vir me. Blanchcé van Hoogdalem by 083 298 4481 of vir me. Nandi Friedrich by die skool by (011) 763-5617/8. Voltooi die afskeurstrokie op bl. 12 en stuur terug aan die kantoor



**SNOEPIE**

Die skool het 'n snoepie. Die snoepiespyskaart word elke Dinsdag saam met die omsendbrief, D6 en WhatsApp-groepe geadverteer. Die spyskaart word weekliks afgewissel. Vir bestellings, kontak me. Gerda du Bruin by 084 995 3476.



**KLEREBANK VIR TWEEDEHANDSE KLERE**

Die klerebank sal op die volgende wyse funksioneer:
Klerebank sal op Maandae en Woensdae van 07:00 tot 10:00 oop wees. Vir navrae en afsprake, kontak asb. me. Geraldine Lubbe by 071 913 9121.
In geval van nood, soos 'n broek wat skeur of 'n glipsie, sal me. Nandi Friedrich by die kantoor help.

**TELEFOON EN SELFONE**



Leerders moet slegs van die kantoor af by me. Grunow bel, sodat die kantoorpersoneel te alle tye weet watter kinders as gevolg van siekte of dringende sake moet huis toe gaan.




Ons gedragskode bepaal: dat selfone vir leerders <u>streng verbode</u> is. Aangesien selfone soms gebruik word in kuberboeliery, of selfs om onwelvoeglike materiaal te versprei. Indien 'n selfoon by 'n leerder gekry word, word die selfoon afgevat en in die kluis vir 2 weke gebêre. Geen onderhandelings nie, asseblief.

Indien daar 'n noodgeval is, moet leerders slegs van die kantoor af by me. Sophie Grunow of me. Nandi Friedrich bel, sodat die kantoorpersoneel te alle tye weet watter kinders as gevolg van siekte of dringende sake moet huis toe gaan.

**KAMERAS**




Daar is kameras in alle klasse geïnstalleer. Die kameras is geïnstalleer om 'n gesonde skoolatmosfeer te skep wat noodsaaklik is vir uitnemende opvoeding. Die geslotekringtelevisiestelsel sal so bestuur word, dat dit nie op die leerders, personeel, ouers of besoekers se regte sal inbreek maak nie.

**FORMELE SKOOL WHATSAPP-GROEP**
Daar is WhatsApp-groepe per graad in die skool, om ons kommunikasie nog verder te verbeter. Ouers wat nog nie op die stelsels geregistreer is nie, moet asseblief me. Sophie Grunow by die skool skakel. Ouers van leerders wat te jonk of te oud is vir hulle graad, moet ook by die graadgroep van u kind se ouderdom registreer asseblief. As u kind byvoorbeeld in graad 4 is, maar hy/sy is o/11 en neem deel aan sport vir die o/11-groep, moet u ook by die graad 5-groep registreer om sodoende die o/11 se sportinligting te kry.

| | | |
|---|---|---|
| **Graad R o/6** | **Graad 3 o/9** | **Graad 6 o/12** |
| **Graad 1 o/7** | **Graad 4 o/10** | **Graad 7 o/13** |
| **Graad 2 o/8** | **Graad 5 o/11** | |

# GRAAD 7 2024

# GRAAD 6 2024

# GRAAD 5 2024

# GRAAD 4 2024

# GRAAD 3 2024

# GRAAD 2 2024

## GRAAD 1 2024

## GRAAD R 2024

## GRAAD RR 2024

## GRAAD RRR 2024

## GRAAD LSEN 2024

**FACEBOOK**
Ons het ons sosiale media na een sentrale punt geskuif en daarom vra ons u om ons **Facebook Page** te gaan "LIKE".

**KLASINDELINGS**

Aanvaar asseblief ons klasindelings, aangesien ons baie moeite daarmee gedoen het en ons werklik probeer het om merietwaardige versoeke waar moontlik, te akkommodeer. Om verskeie goeie redes is dit egter onmoontlik om alle versoeke te akkommodeer.
Alle 2023 Speelgroep-leerders tot en met Graad 2-leerders het reeds in hulle rapportsakkies 'n brief gekry met hulle klasindelings.
Graad 4-7 leerders sal die eerste skooldag op die seniorblokke in klasse ingedeel word.

**INFORMELE, OF KLAS-WHATSAPP-GROEPE (Groepe wat ouers self stig)**

WhatsApp-groepe het baie voordele, maar ongelukkig ook baie nadele. Informele WhatsApp-groepe is nie die skool se formele kommunikasiemiddel nie. Ons gebruik D6 en die skool se amptelike WhatsApp-groepe daarvoor. Ons is bewus daarvan dat daar onder andere graadgroepe en huiswerkgroepe is. Die skool en die onderwyspersoneel kan nie verantwoordelik gehou word vir inligting wat op hierdie groepe gedeel word nie. Ons versoek dat indien u enige probleme of navrae het, u die skool direk sal kontak en die regte kanale sal volg (onderwyspersoneel, departementshoof, adjunkhoof, hoof).

**VERLORE HORIE HOEKIE**




**HOE DIT WERK:**

1. Daar is op 'n daaglikse basis verlore items wat in die verlore klerehouer langs die saal geplaas word.
2. Ons doen asseblief 'n beroep op u om te sorg dat u kinders se klere duidelik gemerk is, om dit te vergemaklik om verlore klere op te spoor.
3. Indien u kind se klere verlore geraak, het kan u aansluit by die volgende skakel:

   **https://chat.whatsapp.com/J8XevFinUXHGXUZcgNNyGF**

4. Een maal per week sal die verlore klerehouer leeggemaak, en al die inhoud nagegaan word.
5. Items wat duidelik gemerk is sal individueel op die whatsapp-groep geplaas word met die eienaar se naam bv. 1X langmoutrui – Koos van Zyl.
6. Items wat nie gemerk is nie, sal geplaas word as bv. 5X langmoutruie gevind.
7. Leerlinge kan hulle verlore items van 07:00 op Maandae en Woensdae by die klerebank by me. Geraldene Lubbe kom afhaal.
8. Enige item wat na een maand nie afgehaal is nie, sal in die skool se klerebank opgeneem word.

***ONTHOU ASSEBLIEF OM U KIND SE KLERE BAIE DUIDELIK TE MERK.***

## D6 COMMUNICATOR

**D6** is die skool se amptelike kommunikasiemiddel.
Laai dit asseblief af. Sien stappe hoe om dit te doen.

**Stappe om D6 op 'n slimfoon af te laai :**

1. Gaan op "Google Play Store."
2. Tik in "D6 Communicator."
3. D6 verskyn dan, kliek op "Open."
4. Kliek op "Install."
5. Kliek "Open."
6. Tik jou Naam en Van in.
7. Tik jou e-pos adres in.
8. Kliek op "Continue."
9. Terms & Conditions - kliek "Accept."
10. "Pick Country" - kliek op "South Africa."
11. Soek Laerskool Horison, kliek daarop en daar verskyn 'n.
12. Kliek op die **>**.
13. Kliek op "Free."
14. Nou is u op die D6.



**Stappe om D6 op 'n rekenaar af te laai :**Besoek Google (www.google.com)

1. Tik in op soekenjin - "D6 Communicator."
2. Kliek op die heel boonste link "D6 Communicator."
3. Kliek op "South Africa."
4. Tik die skool se naam in "Laerskool Horison."
5. Kliek op "Windows."
6. Kliek op "Run onder."
7. Kliek op "Open folder."
8. Die file verskyn op "Local disk C."
9. Dubbel kliek op "D6 – 7698."
10. Kliek dan op "run."

**MY SCHOOL-KAART**

Ons wil asb. u as ouer aanmoedig om u "My School-kaart," te gebruik, wanneer u aankope by winkels doen. Indien u nog nie 'n kaart het nie, doen aansoek aanlyn by www.myschool.co.za, of skakel 086 010 0445, of voltooi asseblief die aansoekvorm en e-pos aan cs@myschool.co.za. **U kan dit ook met u kind na die skool toe terugstuur.** Hierdie kaart is geldig by bv. Woolworths, Reggies, Toys R Us, Waltons, Spur, Kalahari, Club Travel, Engen Convenience stores, Jack's Paint, Supa Quick en Quiksilver ens.
Vir elke keer wat u die "My School-kaart," gebruik, ontvang die skool 'n persentasie van die aankope. Elke geldjie help en ons vra ouers baie mooi om aansoek te doen en die kaart te gebruik asseblief.

**SCHOOL DAYS**

Ons wil asb. ons Horie-ouers aanmoedig om by "SCHOOL DAYS" ook te registreer vir ekstra fondse vir die skool. Koppel net u Dischemkaart en Baby City kaart met "SCHOOL DAYS," asseblief.

Vir elke keer wat u die "SCHOOL DAYS," gebruik, ontvang die skool 'n persentasie van die aankope. Elke bietjie geld help en ons vra ouers baie mooi om aansoek te doen en die kaarte te koppel met "SCHOOL DAYS," asseblief.

U kan ook gebruik maak van die QR kode op die inligtingstuk.

Horison groete.

____________________________

Mnr. G. F. van der Walt
Hoof

MySchool MyVillage MyPlanet

# Supporter Card Application

**PLACE STICKER FROM CARD HERE**
Place sticker from card here,
or insert card number on web application

Apply online www.myschool.co.za OR e-mail cs@myschool.co.za OR call 0860 100 445 OR complete this form and fax to 0866 822 833.




**This request is for a:** New Card ☐ Replacement Card ☐ Change Beneficiary ☐ Link to Woolworths ☐

If you are a current MySchool supporter, please provide your card number.

Your card no: ☐☐☐☐ ☐☐☐☐ ☐☐☐☐ ☐☐☐☐

## 1. BENEFICIARY DETAILS: (YOU MAY CHOOSE TO SUPPORT UP TO 3 BENEFICIARIES)

| Beneficiary name | City / Region |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |
| 3. | |

## 2. CREATE YOUR PROFILE:

***Title:**

***First Name:**

***Surname:**

***ID or Passport Number:**

*Your ID or Passport number is compulsory in order for us to process your application

***Date of birth:** Y Y Y Y M M D D

***Postal Address:**
(For card delivery)

**Postal Code:**

***E-mail:**

**Telephone (H):** **Cellphone:**

## 3. STAY INFORMED:

Want to know how your contribution makes a difference? MySchool MyVillage MyPlanet will send you all the latest news on our schools and charities plus information on exciting competitions. You may choose not to receive this information:

☐ **I DO NOT WANT** to receive promotional information from MySchool MyVillage MyPlanet.

Your MySchool MyVillage MyPlanet card gives you automatic membership to Woolworths **W**Rewards loyalty programme. By swiping your MySchool MyVillage MyPlanet card at Woolworths you automatically enjoy **W**Rewards instant savings. The more you shop the more Woolworths will reward you with special vouchers, let you know first about exclusive sale previews, and other loyalty rewards. We'll add you automatically unless you ask us not to by ticking the box below.

☐ **I DO NOT WANT** to join WRewards

If you've just joined **W**Rewards, welcome to the family! In addition to your loyalty rewards we're going to send you information about new products, great savings and exciting competitions. Not interested? You can unsubscribe from promotional information that does not relate to your exclusive **W**Rewards benefits by updating your profile online at www.woolworths.co.za or by calling 0861 50 20 50. Or you can optout here:

**I DO NOT WANT** to receive promotional information from:

☐ Woolworths

☐ Woolworths Financial Services

If you're already a Woolworths cardholder or WRewards member contact the Woolworths call centre or update your Woolworths profile at www.woolworths.co.za to manage what information you receive.

## 4. AGREEING TO THE TERMS AND CONDITIONS

By signing this application form you accept the MySchool Terms and Conditions (available at www.myschool.co.za).

**Your Signature**________________________________________ **Date**______________

Terms and Conditions apply. For full details about MyShool MyVillage MyPlanet card usage T&C's - visit www.myschool.co.za.

**EVERY SWIPE COUNTS!**


SUPPORT
YOUR
SCHOOL!
introducing
School-Days®
School-Days is a platform that enables you to raise funds for your school by shopping and engaging with the School-Days Partners.
More than one million members have joined our journey!
IT'S FREE TO JOIN! There is no cost or plastic card required!
Join Online
www.schooldays.co.za
Download our App
Available on the App Store
ANDROID APP ON Google Play
OUR PARTNERS
Add School-Days to your Dis-Chem or Baby City Benefit Card, and you'll raise funds for your school with every swipe.
Dis-Chem Benefit card
babycity Benefit card
UCOUNT REWARDS
Dis-Chem PHARMACIES
baby city
Net Florist
B.
The HARVEST TABLE
Jet
TFG
King Price INSURANCE
ERGOTHERAPY
PHYSIO DESIGNED SOLUTIONS
PAIN FREE. LOVE WORK.




THE **PLANNING TOOL** FOR **PARENTS & GUARDIANS**

*Education Time Points help parents and guardians to plan and pay for their family's future education.*

### Plan to Pay for your future school, college or university fees by purchasing Education Time Points (ETPs) today.

You can buy ETPs and accumulate them in your School-Days account to pay for school, college or university fees at a later stage when you're ready to redeem.

## HOW DOES IT **WORK?**

### 1 PURCHASE

Set up a monthly debit order or make purchases via EFT. Your rands will buy you ETPs (R1 = 1 ETP).

### 2 BONUS

As you engage with School-Days we reward your behaviour with Bonus ETPs.

### 3 REDEEM

When you are ready to redeem your ETPs, we will pay the educational institution directly on your behalf.

## WHAT ARE THE **BENEFITS?**

- **SAFE & SECURE** – your ETPs never lose value, because they are backed by a secure Standard Bank account.
- **PURPOSEFUL** – you'll be purposefully planning for your education costs, because the ETPs you've accumulated can only be redeemed to pay for school, college or university fees.
- **ADMIN-FREE** – when you're ready to redeem and pay the school, college or university, our team will manage the redemption and payment on your behalf.

Visit **www.schooldays.co.za** to activate Plan to Pay. For enquiries contact **support@schooldays.co.za**

# SKEURSTROKIES

✂ ________________________________________________________________________________

## SKEURSTROKIE - INLIGTINGSBRIEF

Ek, ouer van ____________________________________ Gr. _____erken ontvangs van bogenoemde

**INLIGTINGSBRIEF.**

**NAAM VAN OUER/S:**___________________________________________

**HANDTEKENING:** __________________________ **TEL:** ____________________________

✂ ________________________________________________________________________________

## SKEURSTROKIE - BROODJIEPROJEK

Ek, ouer van ___________________________________________ Gr. _____is bereid om soms

broodjies vir die broodjieprojek te maak.

Indien u belangstel sal 'n verteenwoordiger u skakel.

**NAAM VAN OUER:** __________________________________________

**HANDTEKENING:** __________________________ **TEL:** ___________________________

✂ ________________________________________________________________________________